Toeka (C)

Graad 3

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Bewus te maak van ons wonderlike tradisies en so volkstrots te bevorder.
2. Die geleentheid te bied om dit te kan beleef.
3. ‘n Trots vir en kennis van die eie te laat ontwikkel.
4. Te leer dat enige volk, te midde van ander kulture, op sy eie mag trots wees en die reg het om dit te bewaar en te beoefen.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet **twee** van die **eerste vier afdelings** volledig doen.**Gesellige verkeer** is verpligtend.

Volkskuns:

Die kind moet **twee** artikels uit die volgende voorbeelde maak:

1. ‘n Artikel van klei (byvoorbeeld: Kleipot, klei os, muurteel).
2. ‘n Artikel van kerfwerk. Doen die handwerk op ‘n stok, blokkie, seep, of gips.
3. Doen brandwerk byvoorbeeld op ‘n houtbak, kierie, blok hout of stoeltjie.
4. Vlegwerk byvoorbeeld ‘n sweep of ‘n sleutelhouer.
5. Tuisgemaakte papier wat later gebruik kan word.
6. Borduur of verf ‘n motief op ‘n kussing, skinkbordlappie of bordesak.
7. Hekel of tolletjiebrei of gewone brei: ‘n plekmatjie, teemussie of servethouer.

Gebruiksartikels:

Die kind moet kennis opdoen van ten minste **twee** gebruiksartikels en dit maak.

1. Kerse of fakkels wat gebruik kan word.
2. Seep kan kook of seep kan herwin, en mooi verpak.
3. ‘n Byevanger of ‘n byeroker of ‘n blaasbalk.
4. ‘n Bruikbare kussinkie of sakkie.
5. Enige ander gebruiksartikel uit ons volksverlede.

Lekkernye:

Die kind moet **een uit elkeen** van die volgende afdelings maak/doen:

1. ‘n Koeldrank byvoorbeeld gemmerbier / lemoenstroop / koringbier / pynappelbier.
2. ‘n Gebak soos koeksisters / vetkoek / melktert / rosyntjiebrood.
3. Vleisgeregte soos byvoorbeeld bobotie, herderspastei, sosaties.
4. Soetgoed: tameletjie, suurklontjies.

Die geregte kan saam met die ander artikels wat gemaak is, uitgestal word en dan vir die toetsoffisiere of ouers voorgesit word.

Speelgoed:

Die kind moet na ‘n kort bespreking oor die tipe speelgoed waarmee kinders gespeel het, besluit watter speelding hy gaan maak.

Die volgende is moontlikhede:

- lappop, wolpop
- tolletjiekar, kakebeenwa
- kettie, slingervel
- klei-osse, popklere
- boontjiesak.

Geselligeverkeer: (Verpligtend)

Die kind moet saam met die groep deelneem aan twee van die volgende:

1. Een boeredans of een volkspele.
2. Een tradisionele speletjies byvoorbeeld wegkruipertjie, vroteier, kat en muis, kennetjie, swart kat, bewaar die knikkertjie.
3. Een volksliedjies as ‘n groep saamsing.
4. Om die kampvuur ‘n storie vertel of ‘n gedig voordra.

C AANBIEDING

Hierdie is ‘n baie praktiese kursus en die kind gaan werklik leer deur sy hande te gebruik. Daar is vier groepe waarvan u minstens **twee** volledig moet aanbied en “gesellige verkeer” is verpligtend. Aangesien baie materiaal en bestanddele benodig word, sal u ‘n deeglike kosteberekening moet maak. Indien die aanbieding op ‘n kamp gedoen word, moet u seker maak dat u al die nodige materiaal saamneem.

Om volkstrots by die kind aan te wakker, behoort die herkoms en tydperk uit die geskiedenis, van elke artikel en gereg verduidelik te word. Gesels ook oor die ooreenkomstes en verskille tussen toeka en nou.